Foto's: FACEBOOK/HEIDI VAN DER



**Heidi van der Merwe en haar hond, Harley, neem 'n welverdiende blaaskans in Namibië.**

# Vrou en woef pak Afrika op motorfiets vir kankerbewustheid

**Anena Burger**

Met haar getroue hond aan haar sy, pak 'n vrou van Hermanus in die Wes-Kaap die wye Afrika-vasteland op haar Harley-Davidson Pan America aan om bewustheid oor lewerkanker te bevorder.

Heidi van der Merwe (51), stigter van die organisasie sonder winsbejag One Life One Liver, het die inspirerende veldtog "Her One Life" begin om mense oor Afrika heen van dodelike lewerkanker, wat dikwels te laat gediagnoseer word, bewus te maak.

Sy gaan tot in Egipte reis op haar motorfiets met haar hond, Harley, om die boodskap oor lewerkanker te versprei.

Van der Merwe het meer as twee dekades met haar kankerdiagnose saamgeleef. Drie dae nadat sy aan haar eerste kind geboorte gegee het, is aggressiewe lewerkanker by haar gediagnoseer.

Van der Merwe is die enigste persoon wat lewerkanker oorleef het terwyl sy swanger was. Sy is ook die persoon in die wêreld wat lewerkanker die tweede langste oorleef het.

Sy het op 27 September uit die Wes-Kaap weggetrek en toer tans deur Namibië. Harley het ewe ook 'n spesiale valhelm en bril teen die wind van voor.

Saam het die twee al etlike mense bereik en Van der Merwe se storie en reis met lewerkanker gedeel.

Sy deel daagliks haar reis deur Afrika op haar sosialemediaplatforms en sê die pad gaan soms moeilik en uitdagend wees.

Dit is egter juis die doel van die reis – om haar oorlewingsverhaal oor die uitdagings van lewerkanker te deel en bewusmaking te skep in skole, gemeenskappe en gesondheidsforums.

"Dit simboliseer die pad van 'n kankerpasiënt – vol onsekerheid, uitdagings en oorwinnings – maar met 'n sterk boodskap: Vroeë opsporing red lewens," sê sy.

Volgens Van der Merwe is lewerkanker dikwels dodelik omdat dit te laat gediagnoseer word, veral in Afrika waar bewustheid en toegang tot toetsing beperk is.

"My eie lewe is gered deur vroeë opsporing."

Sy sê kennis en voorkoming is die sleutel tot hoop.

**– anena.burger@24.com**